SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

NO. 671 03 JUNIE 2016

INKOMSTEBELASTING 2016: KENNISGEWING OM OPGAWES VIR DIE 2016 JAAR VAN AANSLAG IN TE DIEN

1. Ingevolge artikel 66(1) van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van 1962) ("die Wet") gelees saam met artikel 25 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011 (Wet No. 28 van 2011), word hiermee kennis gegee dat 'n persoon van wie ingevolge paragraaf 2 vereis word om 'n opgawe in te dien, 'n opgawe ten opsigte van die 2016 jaar van aanslag binne die tydperk in paragraaf 4 hieronder voorgeskryf, moet indien.

2. Die volgende persone moet 'n inkomstebelastingopgawe indien:
   (a) elke maatskappy, trust of ander regspersoon, wat 'n inwoner is;
   (b) elke maatskappy, trust of ander regspersoon, wat nie 'n inwoner is nie—
      (i) wat 'n bedryf deur 'n permanente saak in die Republiek beoefen het;
      (ii) wat inkomste vanuit 'n bron in die Republiek verkry het; óf
      (iii) wat 'n kapitaalwins of kapitaalverlies vanuit 'n bron binne die Republiek verkry het;
   (c) elke maatskappy ingelyf, opgerig of ingestel in die Republiek, maar wat weens die toepassing van enige ooreenkoms aangegaan met die Regering van enige ander land vir die vermyding van dubbele belasting nie 'n inwoner is nie;
   (d) elke natuurlike persoon—
      (i) wat enige bedryf binne die Republiek beoefen het (behalwe uitsluitlik in sy of haar hoedanigheid as werknemer);
      (ii) aan wie 'n toelae of voorskot betaal of toegestaan is soos in artikel 8(1)*(a)*(i) van die Wet beskryf (behalwe 'n bedrag vergoed of voorgeskiet soos in artikel 8(1)*(a)*(ii) beskryf) en wie se bruto inkomste die drempels uiteengesit in item (viii), oorskry het;
      (iii) wat kapitaalwinste of kapitaalverliese wat R30 000 oorskry, gehad het;
      (iv) wat 'n inwoner is en enige fondse in buitelandse geldeenheid gehou het of enige bates buite die Republiek besit het, indien die totale waarde van daardie fondse en bates op enige tydstip gedurende die 2016 jaar van aanslag R225 000 oorskry het;
      (v) wat 'n inwoner is en aan wie enige inkomste of kapitaalwins uit fondse in buitelandse geldeenheid of bates buite die Republiek ingevolge die Wet toegereken kon word;
      (vi) wat 'n inwoner is en deelnemende regte, soos in artikel 72A van die Wet bedoel, in 'n beheerde buitelandse maatskappy gehou het;
      (vii) aan wie 'n inkomstebelastingopgawe uitgereik is of wat skriftelik deur die Kommissaris versoek is om 'n opgawe in te dien, ongeag die bedrag van inkomste van daardie persoon; of